Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie : *Koinonia, Geloof en Getuienis*

Jaargang 23 3de Kwartaal 2023

OM TE KIES

"Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie" - Romeine13:14.

Lewe deur die Gees

Ek word geroep om op "God se Gees te fokus". So eenvoudig - tog vir my nie altyd maklik nie...*leer my Here, leer my*. Dikwels sien ons nie groei in onsself nie en sê dinge soos: "Ek is maar 'n ongeduldige mens". "Ek's te oud om nou te verander." "Ek is maar so"

"KIES" om in die vlees of in die Gees te wandel. "KIES net!!"
Here help my groei met die vertoon van die vrug van die Gees.
Kies elke keer om die vlees te verloon.

Ontwikkel U Gees in my

Elke probleem is 'n geleentheid om my karakter te ontwikkel en te bou. Dit is geen grap om ons vlees te weerhou van wat ons wil hê nie, omdat ons vlees homself wil regverdig. Maar die Gees roep ons om in selfbeheersing te wandel en in liefde èn vriendelikheid uit te reik.

Ons vlees wil dikteer met buierigheid, eie ek, ens. Maar die Gees roep ons om in vreugde en vrede te wandel. Help my om Rom. 13:14 uit te leef wat sê dat ons onsself met Jesus moet beklee en nie eers moet dink

hoe om die begeertes van die vlees te bevredig nie. Luister na die leiding van die Gees en ignoreer die vlees.

Dit alles gaan oor waarna ons soek vir bevrediging. Hou dus op om weg te hardloop van groei en te dink ons kan nie verander nie.
Ons kàn verander omdat ons die krag van die Gees wat ons daartoe dryf, in ons het. Die Gees word deel van ons, as ons in gehoorsaamheid aan die Gees wandel.
Kobie *et al. Grafika*: *Bekering is om te kies* https://www.christelikemedia.org/article/bekering-om-te-kies

FOKUS OP DIE WêRELD - SENDINGSEMINAAR

"Uit bykans 40 000 christelike gemeentes in Suid Afrika is daar nie meer as 2 000 gemeentes wat betekenisvol en strategies by wêreldsending betrokke is nie – gemeentes wat God aktief vertrou vir meer werkers op die oeslande, hier van ons deurdrumpels af en tot aan die eindes van die aarde." Ds Richard M. Verreynne.

Gedurende die naweek van 18 – 20 Augustus 2023 is 'n sendingseminaar by NG Kerk Parys-Wes aangebied. Die inisiatief hiervoor het van ds Fanie le Roux van NG Parys-Suid gekom. Die seminaar is op 'n inter-kerklike basis aangebied en die opkoms was inderdaad geseënd.

Uit die seminaar het dit baie duidelik geblyk watter enorme behoefte daar in die wêreld bestaan om die Evangelie aan alle volke, nasies en tale te verkondig en om die genade en liefde van God met die hele wêreld te deel. Dit is krities belangrik want sonder die Evangelie is ons verlore. Kan jy jouself indink in 'n situasie waar jy tot in alle ewigheid van God afgesny is? Die kerk, ons, kan mos nie anders as om betrokke te raak nie. Uit dankbaarheid. Dit is ook ons opdrag. Die Woord is duidelik. Die Bybel gee aan die kerk die opdrag om die Evangelie na die hele wêreld te neem.

Volgens die 1997 - statistieke oor die beskikbaarheid van die Evangelie wêreldwyd, blyk die volgende:

- 4 792 miljoen mense van die wêreld se bevolking, wat toe ongeveer 6 000 miljoen was, woon waar die Evangelie reeds beskikbaar is.
  - Van hierdie is 1 995 miljoen belydende Christene.
  - 759 miljoen is aktiewe Christene.
  - 1 236 miljoen is naamchristene.
  - 2 797 miljoen is nie-Christene.
- Meer skrikwekkend as dit is dat 1 100 miljoen mense woon waar die Evangelie NIE beskikbaar is nie. Hulle is nie-Christene en daar is geen

evangeliese getuienisse of dan die vooruitsig daarvoor nie. Hierdie mense is huidiglik verlore tensy.....

Onbereikte volksgroepe sluit in die Turkmens (Turkmenistan), Biharia (Indië) en die Bosniërs. Dan dink ons ook aan China, Noord Korea en vele ander lande waar die nood vir die Evangelie enorm is.

Ons as bevoorregtes kan ten minste in gebed intree vir hierdie gebiede en vir die suiwere verkondiging van die Woord van God - die blye Boodskap. Die Woord sê immers die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Gebede sal nie onbeantwoord gelaat word nie. Ons moet bid vir die uitbreiding van die Koninkryk van God. Dit is sekerlik die minste wat ons kan doen.

Ons is so geseënd om in omstandighede te leef waarin ons ongehinderd toegang tot die Evangelie het. Dit is loutere genade wat ons deurentyd en met groot dankbaarheid behoort te aanvaar. Die vraag kom by 'n mens op hoe ons dan ons dankbaarheid teenoor God kan betuig? Behoort 'n mens enigsins so 'n vraag te vra? Mag ek durf vra dat ons ons dankbaarheid spontaan sal betuig deur opregte, liefdevolle meelewing in ons gemeentes wat deur die Genade van die Here tot seën vir Sy Koninkryk gebruik sal word. Geleenthede is oral.

SAMEVATTING VAN DIE SEMINAAR – Ds Fanie le Roux

Nie minder nie as 52 persone uit 5 gemeentes het hierdie seminaar bygewoon. Hulle het van die gemeentes Parys-Wes, Parys-Suid, Schonkenville, NG Koppies, Parys Moedergemeente en die AGS Sion-gemeente gekom.

Daar het 'n wonderlike gesindheid onder die seminaargangers geheers en elkeen het na die tyd getuig dat hulle geestelik verryk is.

Die groot opdrag van ons Here Jesus Christus om dissipels te maak van alle nasies het weereens onder die soeklig gekom en seminaargangers is geleer om die hele gemeente in hierdie groot werk te betrek.

Regdeur die Bybel word dit duidelik dat God 'n hart vol liefde vir alle mense en volke het. Omdat baie hierdie boodskap nog nie gehoor het nie, het die kerk in sy geheel die vooreg om hierdie liefde uit te dra.

Elke lidmaat kan by hierdie groot taak betrokke wees deur deel te neem aan die jaarlikse Uitreiknaweek, korttermyn uitreike na die sendingveld asook deelname aan die Geloofsoffer-Belofte en Gebedsinisiatiewe vir die wêreld.

Al die gemeentes het 'n nuwe visie gekry van God se wil vir hulle. Daar het 'n nuwe gees van samewerking en doelgerigtheid posgevat wat daarop dui dat die gemeentes van Parys in die toekoms met ywer en toewyding sal werk vir die uitbreiding van die Koninkryk van die Here.
SOLI DEO GLORIA

TERUGVOER VAN SEMINAARGANGERS

Na afloop is die aanwesiges gevra om hul indrukke van die seminaar te gee. Die volgende is van die terugvoer wat gekry is:

* Met twee inspirerende sprekers was die dag vir my persoonlik van groot betekenis, omdat my fokus weer op die regte plek geplaas is, nl.

(a) dat die begronding vir sendingwerk nie net gesetel is in 'n paar Nuwe Testamentiese tekste (soos Mat 28 en Mark 16) nie, maar dat die hele Bybel as't ware hierdie mandaat van "gaan", verkondig: van Abraham (die vader van alle gelowiges), na Moses, na Elia, na die profete, na Jesus (as gestuurde) en dan na die apostels en die Kerk, om mense uit alle nasies te versamel.

(b) dat die gemeente (nie net 'n paar sendingentoesiaste nie) in staat is om 'n persoonlike betrokkenheid by wêreldsending te beleef, as die idees van verspreiding van sending- inligting, uitreike, gebedsfokusse ens., prakties uitgevoer sou word. (*Suna)*

* By die konferensie het ons opnuut besef wat ons eintlike opdrag in die wêreld is. En die saamwees het my ook verseker dat ons almal deel is van die kerk van Jesus en dat Sy liefde deur ons almal vloei. Baie dankie vir Wes se gasvryheid! (*Emma*)

* Ons het die seminaar baie interessant en insiggewend gevind.

Ons het opnuut en weereens besef dat die woord van God, die Bybel in sy geheel aan die kerk ‘n mandaat gee om die evangelie van verlossing na die hele wêreld te neem. (*Hannes en Naomie*)

* Vir my was die seminaar tegelyk ‘n herinnering aan die groot opdrag van ons Here Jesus en ‘n uitdaging om my eie aandeel daaraan biddend te evalueer. Verder was ek aangemoedig om te groei in gehoorsaamheid en om met entoesiasme saam met ander gelowiges die pad vorentoe in afhanklikheid van die Heilige Gees te beplan. (*Ds Barry*)

* Die naweek was ‘n ongelooflike ondervinding. Ek het net weer besef daar is nog so baie om te leer en dat ek so baie het om voor dankbaar te wees. Dit was ‘n ware oog-oopmaker. ‘n Mens val so maklik in ‘n groef en sien nie altyd die groter prentjie nie. Daar is nie woorde om die naweek te beskryf nie. Baie, baie dankie. (*Gideon*)

* God se Sending vir die wêreld: dis ons roeping om die ware Woord te beskerm. Ons is die goue pyle van die Here ons God, ons oorbrug die muur van die oningeligtes van sy Woord. Daarom... gaan en doen dit, verkondig die waarheid van die Woord. God is die brood vir die wêreld om te eet, te groei, maar ook die saad om Sy Woord, die Ware Woord, te saai oor die wêreld heen. Fokus op gebed vir die nood in die wêreld en streke waar die waarheid van die Woord van God voete en hande sal vind in geloof, hoop en liefde vir Jesus Christus, ons Verlosser en Saligmaker. (*Phillip*)

* Daar was ‘n gevoel van afwagting en opgewondenheid in my, in die saal ‘n aanvoeling van die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

1. My oë is opnuut oopgemaak vir wêreldsending en die baie onbereikte groepe, wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie.
2. Wees n stuur-gemeente... stuur /ondersteun ‘n sendeling. Moenie teen finansies vaskyk nie. Uitreike is nie onmoontlik vir ons gemeente nie. Bid dat die gemeente ‘n hart sal hê vir onbereikte groepe.
3. Sendelinge is eensame mense, wees ‘n vriend vir ‘n sendeling. Vra gereeld na hul behoeftes waarvoor bv gebid kan word. Bid gereeld vir hulle.

4. Probeer om ‘n spesifieke datum op die jaarlikse kalender in te ruim om te fokus op wêreldsending.

5. God gee ‘n mandaat, ‘n gesagwekkende opdrag of bevel, 'n volmag om die evangelie na die hele wêreld te neem dwarsdeur die Bybel, van Genesis 2 tot Openbaring 5:9.
6. Ons, ek en jy, as losgekooptes, het ‘n opdrag uit die Woord om te sorg dat elkeen in die onbereikte wêreld deur God se Woord bereik word. Ek is opnuut geïnspireer om 'n onbereikte land/lande te kies/aan te neem en om vir hul te bid dat die Evangelie hul sal bereik.
Here, gebruik ons gemeente opnuut in U diens om hierdie opdrag uit te voer. (*Kobie*)

* Vir my persoonlik was dit ‘n voorreg om daar te wees, en deel te wees van ‘n groep mede-Christene. As ek sien hoeveel mense nog nie van Jesus gehoor het nie, maak dit my hartseer en bekommerd.
Wat kan ek doen: bid vir die wêreld, vir mense naby en om my, vir die Liefde van GOD vir ons. (*Hannetjie*)

* Dit was vir my 'n geestelike verdieping en verryking. Ek het besef hoeveel gebede is nodig vir 'n wêreld in nood. Ek moet meer vir die Gideons bid, vir die wonderlike werk wat hulle doen om die Woord van God uit te dra. Ek moet meer bid waar ek woon en in my wyk dat die Koninkryk van God sal kom en dat ek getuie vir Jesus sal wees. Ek moet bid vir Noord Korea, Pakistan en vir al die dele van die wêreld wat nog nie hul harte vir God gegee het nie. Ek het ook besef dat finansies 'n groot tekort is vir die mense in nood in ons land. Vir my was dit 'n groot voorreg om die seminaar by te woon. Ek het ook gehoor dat ons almal sendelinge vir Jesus is. (*Marie*)

* Die HERE het weereens my hart aan die brand kom steek vir sending en vir verlore mense! Ek het weereens besef hoe belangrik dit is om sendelinge en hul werk getrou te ondersteun met gebed en te bid vir verlore nasies! Die HERE het my ook uitgedaag om selfs hier in Parys enige tyd bereid te wees om die evangelie te deel. Die oomblik as ons as Christene ons huise verlaat, dan betree ons die sendingveld. As ons nie die evangelie gaan deel nie, wie gaan? Om iemand se lewe met die evangelie aan te raak, het ewigheidswaarde! Dit maak my OPGEWONDE!! Ek het ervaar dat die HERE vir my sê: *Vat die kans en deel MY evangelie!! Just do it!* (Realdi)

* Wat ‘n ervaring! Hierdie seminaar het, glo ek, mense weer bewus gemaak van wat die wêreld toestand regtig is. So baie mense wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie! Dit het ook weer ons oë oopgemaak ten opsigte van wat ons as Christene se plig is. Ek het besef

dat dit nie net die Diensgroep Getuienis is wat sendingwerk moet doen nie, maar die hele gemeente! Almal kan (moet!) op een of ander wyse betrokke wees. (*Dries*)

Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom." Markus 16:15

"*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."* Matteus 28:19-20
Foto: Dries

ONS SENIOR BURGERS (80 jaar en ouer)
Hartlik geluk! "Die Here dink aan ons. Hy sal hulle wat vir die Here ontsag het, seën – die kleintjies saam met die grotes. Ps 115:12,13 (2020 vertaling).

JULIE:

05 – Johan Odendaal (82): Dit gaan goed – hy het niks om oor te kla nie.
08 – Koos Bester (90): Oom Koos se bene wil hom nie dra nie, maar verder gaan dit goed.
10 – Susan van der Colff (84): Al is daar ouderdom-verwante kwale wat pla, gaan sy nog aan en doen nog haar dingetjies. Sy kuier op die oomblik by haar kinders in Tzaneen.
14 – Jannie Oosthuizen (82): Dit gaan "klopdisselboom". Geen klagtes nie.
20 – Chrissie Boshoff (88): Tannie Chrissie se knieë het ingegee en sy word nou in die afdeling vir verswakte bejaardes versorg. Verder gaan dit goed.
30 – Maria J van Rensburg (84): Baie het gedurende die afgelope jaar in haar lewe gebeur maar dit gaan nou beter en sy kyk vorentoe.

AUGUSTUS:

08 – Annatjie Venter (81): Annatjie se man word in die Alzheimer-afdeling by Najaarsrus versorg en sy het ook gedurende Desember daarheen verhuis. Haar een arm is by tye baie seer maar sy gaan nog aan.
08 – John Francis (80): Gaan nog aan, het nie klagtes nie.
15 – Freda Terblanche (83): Haar oë is besig om baie te verswak. Sy het behandeling gekry en hoop dat dit so sal verbeter dat sy weer sal kan lees. Verder nie klagtes nie.

21 – Violet Viljoen (86): Sy is al twee weke siek aan griep en “as ‘n mens al oud is gaan die herstelproses maar stadig”. Baie sterkte!
25 – Ina Mulder (87): Sy is baie dankbaar dat dit nog goed gaan. Sy bly baie lekker en word goed versorg. Tannie Ina kan nie meer in die kerk kom nie, sy mis dit baie en stuur groete aan almal wat haar nog onthou.
27 – Alfreda Els (81): As gevolg van diabetes is haar gesondheid nie aldag so goed nie, maar sy gaan nog aan.
28 – Koos Hoffman (81): Gaan maar aan en neem dit dag vir dag. Hy moet vir ‘n skandering gaan maar wag nog vir magtiging van die Mediese Fonds.
29 – Danie de Lange (80): Hy is baie dankbaar dat dit nog goed gaan met sy gesondheid.
30 - Ester Reynecke (87): Dit gaan nie baie goed nie. Sy mis dit ook om in die kerk te kom, maar gaan nog aan.

SEPTEMBER
05 – Willie Hoffmann (82): Dit gaan goed. Hy is tans by sy dogter in Bloemfontein en word lekker bederf. Hy sien die dokter volgende week om oor die pad vorentoe te praat.
08 – David Sussens (89): Oom David gaan aan en hy sê “as die pyne en kwale kom, praat hy met hulle en dan gaan hulle weg”.
12 – Vissie Visser (85): Dit gaan nog goed, hy het geen “ernstige nuwe klagtes nie”.
16 – RW Smith (86): Dit gaan nog heel goed met hom en sy gesondheid en hy bly aan die gang.
18 – Hennie Wentworth (86): Dit gaan redelik “soos dit maar met ‘n ou mens gaan”. Hy moet moontlik in Oktober ‘n operasie aan sy skouer ondergaan.
27 – Ann Taljaard (83): Dit gaan nie goed nie. Bid asb vir haar.
29 – Elsa Enslin (90): Tannie Elsa het ‘n kwaai beroerte gehad en sukkel om daaroor te kom. Sy maak die beste daarvan en met die genade van bo vat sy dit dag vir dag.

DIE GIDEONS

Die Gideons is in 1899 in Amerika gestig en hul enigste doelwit is om mense deur getuienis en die plasing van Bybels na die Here te lei. Tans is die Gideons in 200 lande van die wêreld aktief en lede kom uit die protestantse en gereformeerde denominasies. Die vernaamste areas van plasing is gastehuise, hospitale, gevangenisse, selle en veral by skole vir die graad 8 (Standerd 6) leerlinge.

Augustus was vir ons ‘n baie besige en geseënde maand. Hier in Parys het ons Bybels by die 4 hoërskole in Tumahole geplaas, by die hoërskool in Schonkenville, by Parys Hoërskool en ook by die Dome

Primary School. Die Dome Primary het hierdie jaar ‘n graad 8 klas. Ons Parys-tak het ook in Mafekeng gaan help. Daar was 6 spanne Gideons wat elk tussen 5 tot 7 skole gekry het. Die Parys Gideons het na 6 skole gegaan en 940 Testamente uitgedeel. Daar was ook nasionaal ‘n massa plasing gereël in die Transkei, Natal en Mpumalanga waar amper 200 000 Testamente uitgedeel is. Alles in Augustus! Die Parys Gideons het die skole in Vredefort vroeër die jaar besoek.

By al die skole wat ons besoek, word ons met oop arms ontvang en ons is die Here baie dankbaar daarvoor! Die kinders is gretig om die Bybeltjies te kry en sommiges skryf dadelik hul name in die agterblad van die Testament om te bevestig dat hulle die Here aangeneem het! Watter voorreg om by hierdie bediening betrokke te kan wees!

Wil u nie asseblief in u gebede die Here dank vir die oop deure wat die Gideons in Suid Afrika tans nog het nie! Bid asseblief dat hierdie oop deure oop sal bly, dat daar genoeg fondse en genoeg mense sal wees wat hierdie belangrike werk kan doen.

U kan deel word van hierdie bediening deur as “Vriend van die Gideons” aan te sluit (https://gideons.co.za/become-a-friend/). As vriend kry u inligting oor ons werksaamhede en kan u Testamente teen R25 aankoop en uitdeel soos die Here u lei.

Kontak: Gawie Hugo - 083 448 5420 of gawie.hugo@gmail.com.

DOOP

Baie geluk aan Michaël en Maryke Lombard met die doop van hul seuntjie, MJ op 23 Augustus 2023. Geluk ook aan die oupas en oumas en die familie wat by die doop was. Ons is seker hy gaan julle groot vreugde verskaf.

Kommentaar oor of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan Hansie of Elize Bekker by hansieb@lantic.net. Foonnommer: 056 811 4754 of 082 820 4306.

NUWE GEMEENTELEDE

Hartlik welkom aan die volgende gemeentelede wat by Parys-Wes aangesluit het. Ons vertrou dat jul verblyf in Parys en die gemeente vir julle goed sal wees.

Naam	Van	Vorige Gemeente	Wyk
Pierre	Boucher	Koppies	
Graham en Violet	Viljoen	Presbiteriaanse kerk, Parys	Protea
Theresa	Götz	Bronkhorstspruit	Loop
Jaco en Mara	Taylor	Monumentpark	Bredell
Francois en Wilma	Bezuidenhout	Moedergemeente Reitz	Hickmann

PARYS-WES SE BASAAR : 29 JULIE 2023

Wat ‘n mooi, lekker basaar was dit nie! Ons basaar is ALTYD ‘n lekker geleentheid.

Beplanning vir die basaar strek altyd oor ‘n paar maande en dan is dit uiteindelik daar. Daar is reeds vroeg Vrydagoggend met die finale voorbereidings begin. Die tafels is uitgepak en reg geskuif en die persone verantwoordelik vir die verskillende lekkernye het hul tafels voorberei. Intussen is die beloofde koeke en ander bydraes gebring. Saterdag vroegoggend is die braaiers uitgepak en die vure is aangesteek vir die groot wors- en sosatiebraai.

Alhoewel die basaar eers amptelik om 08:00 begin het, het die geur van braaiende wors en kaneel gesorg dat daar reeds heelwat vroeër al ‘n hele klompie mense was wat nie kon wag dat die basaar moet begin nie.

Daar was ook heelwat “vreemde” mense van buite ons gemeente en selfs van Pretoria. Die Pretorianers was al by ‘n vorige geleentheid ook by die basaar en hulle geniet dit elke keer.

Dankie aan almal wat op een of ander wyse betrokke was. Sonder julle sou ons nie so suksevolle basaar gehad het nie. Die basaar het die baie mooi bedrag van ± R111 000 opgelewer. *Dries*

Pik en Proe : 11 Augustus 2023

Heelwat van die ouens wat gereeld saam met ons pik en proe kon weens omstandighede nie die keer saam eet nie. Dit was egter steeds ‘n heerlike kuiergeleentheid en natuurlik het die heerlike disse wat voorgesit is baie daartoe bygedra. Dit bly maar ‘n lekker aand.

Baie dankie aan almal wat gehelp het om dit ‘n mooi aand te maak. Ons sien uit na die volgende een. *Dries*

GLENIFFER-ETE : 15 AUGUSTUS 2023

Parys-Wes het weer op 23 Augustus die ete vir die Gleniffer-inwoners voorberei. Die inwoners het ‘n heerlike kerrie en rys ete geniet met roomys as nagereg.

Baie dankie aan almal wat hier betrokke was - die wat geskenk het en die wat gewerk het. Dit word hoog op prys gestel, en Gleniffer sê ook dankie! *Dries*

DS BARRY SE LAASTE RINGSITTING

Ds Barry tree einde Oktober af en dit beteken dat hy sy laaste ringsitting as dienende predikant op 21 Augustus 2023 bygewoon het. Ds Gerrie van Dyk van die Bybelgenootskap tree ook na etlike jare se betrokkenheid by die instansie af. Beide van hulle is aan die einde van die ringsitting met die tradisionele broederlike kus gegroet.

Ds Barry is reeds deur die Kerkraad vir ‘n verdere jaar op kontrak aangestel. Die aanstellings sal jaarlikse hersien word.

Dries

Foto – Ds Jan de Man gee ds Barry die broederlike kus op die kop.

PARYS-WES GEMEENTE 63 JAAR OUD

Ons gemeente is vanjaar 63 jaar oud en dit word gedurende die naweek van 16 en 17 September gevier.

Die stap vir Bybels vind op Saterdag,16 September om 08:00 plaas en daar sal ook boereworsrolletjies te koop aangebied word.

Op Sondag, 17 September sal ‘n paar jong mense tydens die Nagmaalsviering belydenis van geloof aflê. Om 12:00 is daar ‘n gemeente-ete in die vorm van ‘n bring-en-braai waarvoor die vure voorsien sal word. Diegene wat nie wil braai nie, kan hul eie ete

saambring en dit saam met die ander gemeentelede geniet.
Almal is baie welkom om deel te wees die verjaarsdagvieringe. *Dries*

BYBELSONDAG : Sondag, 27 Augustus 2023

Die verhaal van die Afrikaanse Bybel het in 1872 begin to Arnoldus Pannevis ‘n brief geskryf het waarin hy aangevoer het dat die Nederlandse Bybel nie meer vir die Afrikaner verstaanbaar is nie. Die Genootskap vir Regte Afrikaners is gestig met die doel om die Bybel in die volkstaal te vertaal.

Hierna het die vertalingsproses begin en op 27 Augustus 1933 is die volledige Bybel amptelik deur die Afrikaanse kerke in gebruik geneem. Dit was nie die einde van die storie nie en na verskeie vertalings oor die jare die lig gesien het, is die 2020-vertaling in 2023 bekend gestel. Benewens die gewone Bybel in Afrikaans, het die Bybelgenootskap ook die ander landstale gedek. Die Bybel in braile is beskikbaar vir die blindes en daar is ook ‘n Bybel vir die dowes.

Die jongste ontwikkeling is die Bybelgenootskap se gratis Bybel-toeps wat jou gratis toegang gee tot die Bybel in al 11 amptelike tale van Suid Afrika of jy kan ook aanlyn luister na die verskillende Oudiobybels. (https://biblesa.co.za/af/post-af/gratis-bybel-apps-vir-almal).

Parys-Wes het tydens die erediens op Sondag, 27 Augustus 2023 Bybelsondag en die 90ste verjaarsdag van die Bybel in Afrikaans, met ‘n uitstalling van verskeie Bybels voor in die kerk, gevier.

Dankie aan diegene wat die uitstalling gedoen het en ook hulle wat die Bybels verskaf het.

Bronne: https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/blye-viering-van-die-afrikaanse-bybel/, https://www.google.com/search?client=firefox-b-d&q=SA+Bybelgenootskap, https://kerkbode.christians.co.za/2023/05/29/elders-gesien-eerste-bybels-in-afrikaans-in-hand-geneem-op-hierdie-dag-1933/